Wilson Center Digital Archive
International History Declassified
digitalarchive.wilsoncenter.org

# November 8, 1984
# Memorandum, Chief of the South African Military Intelligence Service to Chief of the SADF on visit to Israel

## Citation:

"Memorandum, Chief of the South African Military Intelligence Service to Chief of the SADF on visit to Israel", November 8, 1984, Wilson Center Digital Archive, South African National Defence Forces Archive, 520/3/4/6, vol. 22. Obtained and contributed by Sasha Polakow-Suransky. https://wilson-center.drivingcreative.com/document/116786

## Summary:

Memo from the head of the South African Military Intelligence Service to the head of the South African Defence Force on security concerning South African personnel, families, documents, information and projects in Israel.

## Credits:

This document was made possible with support from Carnegie Corporation of New York (CCNY)

## Original Language:

Afrikaans

## Contents:

Original Scan

Wilson Center Digital Archive Original Scan

*Reg*
*Op lêer terug na SSO besoeke*
*[illegible] 29/11*

UITERS GEHEIM

46

Kopie nr 1 van 2 kopieë

AMI/520/3/4/6

8 November 1984

MEMORANDUM

Telefoon : 28-1731
Bylyn : 166
Navrae : Kol Kotze

Van : Hoof van Staf Inligting

Aan : Hoof van die SA Weermag

OORSESE BESOEK : PROJEK KERKTORING : [redacted] (AMI KTI)

1. Krygkor (Mnr B.C. de Bruyn - Senior Hoofbestuurder Buitelandse Verkryging en Navorsing) het versoek dat [redacted] SSO Spesiale Projekte, wat tans [redacted]se werk behartig, namens hom na METRO moet reis. [redacted] wat deel van Programbestuur uitmaak, kan as gevolg van sy ongesteldheid nie gaan nie.

2. [redacted] moet tov projek KERKTORING aan die volgende aspekte aandag gee :

a. Ten opsigte van die beplanning, kö-ordinering en bedryf van geïntegreerde sekerheid en veiligheidstelsels op 'n toetsbaan tydens toetse moet hy navorsing doen.

b. [redacted] Sekerheidsbestuurder van die toetsbaan in die RSA sal ook in METRO wees en moet ten opsigte van die KERKTORING aktiwiteite wat in METRO bedryf word aldaar ge-oriënteer en voorgelig word.

c. Hy moet die geldigheid van bestaande dekstories en die vermoë van nuwe gesinne, wat dit moet uitleef, toets asook alle betrokkenes leer ken.

d. Hy moet homself op hoogte bring van die werking van die "TAMCO - kantoor, wat die volgende insluit :

i. Die sekerheid van personeel, informasie en dokumente wanneer daar met die plaaslike gemeenskap en amptenare geskakel word.

UITERS GEHEIM

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2006-06-26
R.C. BLAAUW
76214287PE WO1

Wilson Center Digital Archive Original Scan



45

ii. Die moontlikheid van blootstelling wanneer Suid-Afrikaners met mekaar in METRO kommuni=keer.

iii. Die monitering van sekerheidsmaatreëls wat daagliks deur eie personeel toegepas word.

3. Die besoek sal ongeveer twee weke, vanaf 12 tot 28 November 1984 duur en befondsing word uit Krygkor se projek=begroting gedoen.

4. HSI onderskryf hierdie versoek.

5. U goedkeuring word verlang dat [redacted] METRO mag besoek.

SHI

HOOF VAN STAF INLIGTING : LT GENL

Goedgekeur/~~Afgekeur~~

HOOF VAN DIE SA WEERMAG : GENERAAL

Datum : 13 Nov 84

M.

Dir KTI.

1. B 45 – 46 verwys.
2. Ek aanvaar dat u 'n volledige verslag van [redacted] sal vereis wat ek ook ter insae sal kry.

Brig
10/12/84

DEFENCE INTELLIGENCE
DECLASSIFIED
2006 -06- 26
R.C. BLAAUW
76214287PE WO1